

## HOOFSTUK 3: “VERBEELDE GEMEENSAPPE” EN (POLITIEKE) MITESKEPPING

### 3.1 Doelwit met die hoofstuk

In hoofstuk twee is daar hoofsaaklik generies na die aard en impak van mites in die lewe van groepe en individue gekyk. Oor die algemeen is hierdie impak positief geëvalueer omdat mites, as lewende kragte, die mens se lewe kan rig en sin en betekenis daaraan kan gee. Anderson betrek die “verbeeldingryke” aspek van menslike groeperings rondom bepaalde gedeelde mites waarmee hulle identifiseer deur na dié groeperings as “verbeelde gemeenskappe” (“imagined communities”) te verwys. Singewing speel myns insiens ook hier ’n belangrike rol.

Daar is egter ook ander aspekte van miteskepping wat nie spontaan in die menslike psige ontstaan as gevolg van sekere miteskeppende strukture nie (vgl. Leroux se uiteensetting van Jung se standpunt oor mites in 2. 4), maar wat dikwels doelbewuste pogings van bv. politieke figure is om mense te beïnvloed en te manipuleer.

Een van die mites wat voortvloei uit persoonlike/individuele miteskepping, maar wat dan dikwels polities gemanipuleer word om die oogmerke van politieke figure te ondersteun, is die mite van die eie groep: die eenling wat homself deel voel van ’n baie bepaalde groep mense, of volk/nasie. Die mite van ’n individu se groepsbetrokkenheid (wat Anderson (1991) “verbeelde gemeenskappe” of “imagined communities” noem) asook die gepaardgaande kwessies van groepsidentiteit en nasionalisme word kortliks in hierdie hoofstuk bespreek, aangesien dit myns insiens onontbeerlike agtergrondsinsig bied t.o.v. politieke miteskepping en die mites rondom Afrikaans waarop daar in die volgende twee hoofstukke gefokus sal word.

Verderaan in hierdie hoofstuk word die aard van politieke miteskepping as sodanig ook vlugtig belig.

### **3.2 Die mite van die eie groep (“Verbeelde gemeenskappe” – erkenning aan Benedict Anderson)**

#### **3.2.1 Inleiding**

Nasionaliteit is en bly voorasnog die mees permanente, algemene en kragtige element in die dryfvere van menslike gemeenskappe, en in die historiese faktore wat daardie dryfvere bepaal, sodat dit nie verwaarloos kan word in die uitbeelding van die geskiedenis nie (Preller 1941:8).

Whatever the unifying nature of religion ... the history of religions has also been the history of great discord. It would seem that *nothing can more effectively set people at odds than the demand that they think alike. For, given our many disparate ways of life, we couldn't really think alike, even if we wanted to* (Burke 1961:v).

In Mankiewicz's Julius Caesar all the characters are wearing fringes. Some have them curly, some straggly, some tufted, some oily, all have them well combed, and *the bald are not admitted although there are plenty to be found in Roman history* (Barthes 1972:26).

*Yes, it is quite accidental that I am born French; but, after all, France is eternal* (Debray 1977, aangehaal in Anderson 1991:12).

*Identity is people's source of meaning and experience* (Castells, 1997:6).

#### **3.2.2 Die konstruksie van identiteit**

*Is truth* (en daarom ook binne hierdie diskoers: miteskepping – AMJ) *that closely related to identity? It must be. What you believe to be true depends on who you believe yourself to be* (Krog 1998:99) (my kursivering).

Castells (1997:6) haal Calhoun (1994:9-10) soos volg aan in verband met die konstruksie van identiteit:

We know of no people without names, no languages or cultures in which some manner of distinction between self and other, we and they, are not made ... Self-knowledge – *always a construction no matter how much it*

*feels like a discovery* – is never altogether separable from claims to be known in specific ways by others (my kursivering).

Hierdie siening van selfkennis – en dus van die eie identiteit – as 'n konstruksie eerder as 'n ontdekking hang myns insiens ten nouste saam met die kwessie van miteskepping. 'n Konstruksie van die werklikheid is immers reeds 'n herskepping (en daarom ook 'n mitologisering) daarvan en herinner dus aan die aanhaling van Samuel en Thompson (1990:5) in hoofstuk 2 hierbo:

(Life stories) should be seen, not as blurred experience, as disorderly masses of fragments, but as *shaped accounts* in which some incidents were dramatized, others contextualized, yet others passed over in silence, through a process of *narrative shaping in which both conscious and unconscious, myth and reality*, played significant parts (my kursivering).

Castells (1997:6,7) definieer identiteit soos volg:

By identity ... I understand the process of construction of meaning on the basis of a cultural attribute, or related set of cultural attributes, that is/are given priority over other sources of meaning... Although ... identities can also be originated from dominant institutions, they become identities only when and if social actors internalize them, and construct their meaning around this internalization... I define meaning as the symbolic identification by a social actor of the purpose of her/his action.

Castells meen egter dat die werklike vraag is hoe, waaruit, deur wie en met watter doel identiteit gekonstrueer word.

Wat betref die **hoe**, **waarmee** en **deur wie** is sy afleiding dat die boumateriaal kom van die geskiedenis, die geografie, die biologie, van produktiewe en reprodktiewe instellings, van “collective memory and [...] personal fantasies...”

Vergelyk in hierdie verband die verduideliking deur Leroux van Jung se siening rondom die ontstaan van mites (in Kannemeyer 1960:18-19):

Die mite verskyn [...] nie as 'n produk van die rede nie, nie as 'n produk van die persoonlike Onbewuste nie, maar *spontaan uit die Kollektiewe Onbewuste en by wyse van openbaring of intuïsie*. (my kursivering).

Vervolgens, meen Castells, prosessee en rangskik individue, sosiale groepe en gemeenskappe hierdie materiaal in ooreenstemming met hulle eie sosiale strukture en ruimte- en tydraamwerke:

I propose, as a hypothesis, that, in general terms, who constructs collective identity, and for what, largely determines the symbolic content of this identity and its meaning for those identifying with it or placing themselves outside it (1997:7).

Castells meen voorts dat die konstruksie van identiteit altyd binne die konteks van magsverhoudings plaasvind, en onderskei daarom tussen drie vorme en oorspronge van identiteitskepping (die “met watter doel?” van identiteitskepping):

- “Legitimizing identity” - Identiteitskepping wat deur die dominante rolspelers/groepe of instelling aangewend word om hulle dominansie te regverdig;
- “Resistance identity” - Identiteitskepping deur dié rolspelers wat deur die dominansie van ander gedevalueer of gestigmatiseer is en wat dien om weerstandmerkers op te rig teen die beginsels wat deur die gevestigde orde voorgehou word as geldig;
- “Project identity” - Identiteitskepping wat dien om te help met die opbou van ’n totaal nuwe identiteit vir die self om sodoende die skepper se posisie in die samelewing te herdefinieer. Hierdie soort identiteitskepping streef dus in werklikheid die transformasie van die hele sosiale struktuur na.

Al bogenoemde aspekte hou direk verband met miteskepping en die kwessie van singewing en identiteitskepping by wyse van mites soos wat dit verderaan in die proefskrif uitgewys sal word.

### **3.2.3 Nasie, volk en nasionalisme**

Nasionalisme is volgens die *HAT* die “liefde vir die eie volk of nasie”. Myns insiens is daar selfs in die definisie die neerslag van ’n mite te vinde, nl. die kwessie dat ’n mens jou volk/nasie kan liefhê (ten spyte van hierdie entiteit se *redelik amorfe gedaante*). Dit impliseer voorts dat daar ’n bewussyn by die groep

moet wees oor wie dan die “eie volk of nasie” is. Daar kan ook afgelei word dat “nasia” en “volk” hier as sinoniem gesien word en dat “nasionalisme” dan sou verwys na ’n gevoel van vaderland-, groeps- en kultuurgebondenheid.

Dit wil egter voorkom asof daar mettertyd ’n wesentlike verskil tussen die begrippe “nasia” en “volk” ontwikkel het, soos wat hier verder uitgeengesit sal word.

Daar is sekere objektiewe maatstawwe om nasieskap te help bepaal, onder meer die bestaan van geografiese grense en ’n sentrale regering. Om weer eens die *HAT* as uitgangspunt te gebruik: nasie <sup>1</sup> Groep enkelinge wat tot dieselfde staat behoort, wat ’n politieke eenheid vorm.

Hierteenoor - d.w.s. teenoor die begrip “nasia” as ’n politieke eenheid - staan volk” as ’n hoofsaaklik kulturele eenheid. Dit wil egter lyk asof die afgeleide begrip “nasionisme” geleidelik ’n betekenisverskuiwing ondergaan het om nie soseer te dui op “liefde vir die nasie” nie, maar vir die kleiner kultuurgroep, tensy die betrokke nasie ’n hoofsaaklik homogene gemeenskap is met dieselfde kultuurwaardes en norme (soos wat mens egter beswaarlik ooit in die werklikheid sal vind, aangesien so ’n homogene gemeenskap binne die definisie van ’n “nasia” nie bestaan nie).

In die soort gemeenskap wat Woshinsky (1995:55) as ’n voorbeeld van ’n heterogeen-aktiewe kultuur voorhou – “we find in heterogeneous-active culture a basic disunity exacerbated by a series of profound divisions” – kan daar wel geografiese grense en ’n sentrale politieke sisteem teenwoordig wees, maar van nasionale eenheid en ’n oorkoepelende nasionalisme is daar min sprake. Inteendeel, Woshinsky meen:

It (die heterogeen-aktiewe kultuur – AMJ) is a society of diverse and clearly differentiated people, deeply suspicious of each other and fundamentally at odds over most of the issues people care about.

As daar na twee voorbeelde uit die 20ste eeuse Suid-Afrika gekyk word, sou daar beweer kon word dat politieke groeperings soos die Nasionale Party en die African National Congress ontstaan het – nie as manifestasies van “nasieskap” nie – maar eerder op grond van die “nasionalistiese” dryfvere van kleiner groeperings. Nie een van die genoemde groeperings of partye hou nl. verband met die nasionale gevoel van ’n Suid-Afrikaanse nasie nie.

Die groei en uiteindelijke oorwinning in 1948 van die Nasionale Party, soos in die volgende hoofstuk verder bespreek sal word, is stellig nie los te dink van die toenemende volksbewussyn van die Afrikaners in die eerste vyftig jaar na die Anglo-Boereoorlog nie. Toe ’n regser groep van die Afrikaners nie meer ’n ideologiese tuiste in die Nasionale Party gevind het nie omdat, volgens hulle, die volksbelang nie meer gedien is nie, is die Herstigte Nasionale Party in die lewe geroep.

Die African National Congress (ANC) weer is die politieke manifestasie van veral swart nasionale bewussyn en vryheidstrewes wat gekulmineer het in die oorwinning van die ANC in 1994. Hierdie uitgesproke nasionalistiese beweging kan dus ook nie as die neerslag van inklusiewe Suid-Afrikaanse nasieskap gesien word nie.

Die slotsom is dus dat, wanneer nasionalisme as verskynsel bekyk word, dit gaan om die gevoel van “een-wees” wat ’n groep mense saambind tot ’n bykans mitiese eenheid wat dikwels eerder ’n volk as ’n nasie genoem kan word.

### **3.2.4 Die geskiedenis van die ontstaan van nasionalisme**

Anderson (1983:12 en verder) verklaar die opkoms van nasionalisme en nasionale state teen die einde van die agtiende eeu as ’n resultaat van die geleidelike aftakeling van die voorafgaande twee sterk kulturele sisteme, nl. die godsdienstige gemeenskap en die koninkryk. Sy standpunt is dat bogenoemde sisteme vir die mense van hulle tyd as vanselfsprekende verwysingsraamwerke

gedien het, en dat hulle aftakeling noodwendig plek gemaak het vir 'n nuwe raamwerk, wat uiteindelik dié van nasionalisme was. Anderson stel dit soos volg (1991:12):

What I am proposing is that nationalism has to be understood by aligning it, not with self-consciously held political ideologies, but with the large cultural systems that preceded it, out of which – as well as against which - it came into being.

Die afleiding uit hierdie stelling van Anderson is dat nasionalisme 'n raamwerk bied waarbinne groepe mense in die laaste twee eeue gedink en gefunksioneer het, of, binne die konteks van hierdie ondersoek gestel, dat die konsep van nasionalisme in die negentiende en twintigste eeue 'n “lewende mite” geword het.

Verderaan in sy betoog oor wat hy noem die “imagined community of the nation” (1991:24), beweer Anderson dat twee belangrike vorme van “verbeelding” (“imagining”) in die loop van die agtiende eeu hulle verskyning gemaak het wat verband hou met die verbeelde gemeenskap van die nasie, naamlik die roman en die koerant. Die resultaat was volgens Anderson “print-capitalism, which made it possible for rapidly growing numbers of people to think about themselves, and to relate themselves to others, in profoundly new ways.” (1991:36). Veral die koerant se impak kan feitlik as dié van mitiese bindingsmiddel gesien word:

[...] the newspaper reader, observing exact replicas of his own paper being consumed by his subway, barbershop, or residential neighbours, is continually reassured that the imagined world is visibly rooted in everyday life (Anderson 1991:36).

### **3.2.5 Die verband tussen nasionalisme en taal in die agtiende en negentiende eeue**

Anderson (1991:47 en verder) wys voorts daarop dat die jong Amerikaanse state van die laat-agtiende, begin negentiende eeu nie deur taalverskille geskei is nie,

aangesien die VSA-state, die voormalige Spaanse kolonies en bv. Brazilië almal kreoolse<sup>1</sup> state was waarbinne die mense 'n gemeenskaplike taal gepraat het en 'n gemeenskaplike afkoms gehad het, hoewel hulle dikwels teen mekaar geveg het.

Hierteenoor het “nasionale drukkerstale” in die negentiende eeu in Europa simbole van nasionale onderskeid begin word:

[...] in almost all of them (die nasionale groepering in Europa na 1820 – AMJ) ‘national print-languages’ were of central ideological and political importance, whereas Spanish and English were never issues in the revolutionary Americas (Anderson, 1991:67).

Hierdie tendens om die kultuurvariëteit (om die term van Ponelis, 1992:72 te gebruik – “n algemene, toonaangewende, versorgde en eenvormige [...] variëteit [...] wat veral as skryftaal aangewend word...”) van die onderskeie tale as merkers van nasionale identiteit te begin sien, is reeds teen die einde van die agtiende eeu soos volg deur Johann Gottfried van Herder (soos aangehaal deur Kemiläinen, 1964:42) verwoord:

Denn jedes Volk ist Volk; es hat seine Bildung wie seine Sprache.

Anderson (1991:68) meen dat hierdie toenemende koppeling van nasieskap aan 'n sogenaamde “private-property language” 'n groot invloed uitgeoefen het op Europese denke in die negentiende eeu, maar ook op “subsequent theorizing about the nature of nationalism.”

In die lig hiervan lyk dit nie vreemd dat die geleidelike bewuswording van 'n eie volksidentiteit by die Afrikaner in die laaste drie dekades van die negentiende eeu eweneens gepaard gegaan het met die ontwaking van 'n amper fanatiese taalbewustheid en taalnasionalisme nie. Du Toit (1987:66) wys daarop dat daar

---

<sup>1</sup> Kreool - (volgens Anderson se definisie) - Persoon van (teoreties) suiwer Europese afkoms maar gebore in die Amerikas en (later ook) verwysend na sodanige persone wat op enige ander plek buite Europa gebore is.



in die vyftigerjare van die negentiende eeu wel in die Kaapkolonie “herhaaldelik uitdruklike ontkenning daarvan (was) dat die nasionalistiese model op die koloniale situasie van toepassing kan wees.” Daarteenoor reflekteer tekste uit die sewentigerjare van die negentiende eeu “doelbewuste en uitdruklike pogings tot politieke mobilisering op taal- en etniese gronde, asook die totstandkoming van ’n nasionalistiese denke waarin die Afrikaanse taal en nasionaliteit tot grondslag gemaak word van die geprojekteerde bestaan van ’n Afrikaner-’nasie.’”<sup>2</sup> Ook Theo du Plessis (1986:1) wys op die verband wat daar van meet af bestaan het tussen die G.R.A.-taalbeweging en die Afrikanergeskiedenis :

Wat in werklikheid gebeur het, is dat die hele geskiedenis van die Afrikaanse taalbeweging doodgewoon by die Afrikanergeskiedenis geïnkorporeer is. Hierdie situasie sou uiteindelik lei tot ’n *onafwendbare mitologisering* van beide dié globale geskiedenis en in die besonder dié van die Afrikaanse taalgeskiedenis. Uiteraard *geskied dié mitologisering binne ’n bepaalde ideologiese raamwerk* (my kursivering).

Dit is nie verbasend nie dat die Britse Eerste Minister, Harold Macmillan, in 1960 met sy besoek aan Suid-Afrika in retrospek na die opkoms van Afrikanernasionalisme verwys as “the first of the African nationalisms” (soos aangehaal op die flapteks van Van Jaarsveld, 1961). Meer hieroor in die volgende hoofstuk.

### 3.2.6 Nasionalisme in die twintigste eeu

Dit spreek vanself dat nasionalisme of ’n nasionale bewussyn by groepe/volke/nasies ’n belangrike rol moes gespeel het in ’n eeu waarin daar twee oorloë net meer as twintig jaar uit mekaar was waarby die meeste lande in die wêreld op die een of ander wyse betrek is. Die impak van hierdie twee gebeure was daarom verreikend.

---

<sup>2</sup> Vergelyk Castells se “resistance identity” soos hierbo uiteengesit, wat ten doel het om die gevoel van eiewaarde van ’n groep wat hulself as gedomineer of gestigmatiseer ervaar, te verbeter.

### 3.2.7 Na die Eerste Wêreldoorlog

Anderson meen dat die konsep van dinastieë na die eerste wêreldoorlog (1918) feitlik uitgedien was. Hy stel dit soos volg (Anderson 1991:113):

From this time on, the legitimate international norm was the nation-state, so that in the League (van nasies – AMJ) even the surviving imperial powers came dressed in national costume rather than imperial uniform.

### 3.2.8 Na die Tweede Wêreldoorlog

Hoewel dit nie die doel van hierdie proefskrif is om dieper in te gaan op miteskepping binne ander nasies/volke of groepe (as dié rondom Afrikaans nie) nie, sou die opkoms van die Nasionaal-Sosialisme in Duitsland en die impak van die miteskepping rondom die superieure Ariese ras as klassieke voorbeeld kon dien van die enorme impak van miteskepping. Vergelyk maar die volgende aanhaling uit die roman van Ursula Hegi, *The Vision of Emma Blau*:

[...] what felt terribly familiar in all this was that attitude of superiority she knew from having grown up there, from seeing it bloom so quickly against anyone who was considered to be different. Still – how could it have turned into something so monumental? (Hegi 2000:229).

Anderson wys daarop dat baie van die nuwe state wat na die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, nie-Europees was, maar wel Europese tale as hulle amptelike tale aangeneem het. Die probleme wat hierdeur ontstaan het, is 'n studie op sy eie en word onder andere deur Webb (1992:5-6) verwoord. Die belangrike aspek t.o.v. die bloei van nasionalisme is egter die blote feit dat koninkryke en keiserryke nou plek gemaak het vir nasionale state met geografiese grense en sentrale regeringstelsels, van watter aard ookal. Dit is waarom Anderson kan beweer:

After the cataclysm of World War II the nation-state tide reached full flood (Anderson 1991:113).

### 3.2.9 Suid-Afrika in die dekades na die Tweede Wêreldoorlog

Dit was dus binne die konteks van nasionale state in Europa, maar onder andere ook in Afrika, dat die Republiek van Suid-Afrika in 1961 tot stand gekom het. Daar is beoog om ook aan die sogenaamde TBVC-lande (die Transkei, Boputhatswana, Vendlanland en die Ciskei) onafhanklikheid as nasionale state te gee.

In ooreenstemming met die standpunt van Woshinsky (soos hierbo aangehaal), was daar egter geen sprake van een nasie met een homogene kultuur nie, maar wel van 'n sogenaamde heterogeen-aktiewe kultuur met ernstige interne konflik en verskille:

[...] we find in heterogeneous-active culture a basic disunity exacerbated by a series of profound divisions (Woshinsky, 1955:55).

Die diepgaande verskille wat verdeeldheid in die Suid-Afrikaanse samelewing meegebring het, was veral onderlinge wantroue en onverdraagsaamheid tussen die verskillende etniese groeperings, ideologiese verskille (bv. tussen aanhangers van die kapitalisme vs. aanhangers van die sosialisme of Kommunisme), godsdienverskille (onder meer tussen Christene en Moesliems, maar ook tussen sub-groeperings van dieselfde godsdien) en konflik tussen die verskillende taalgroepe.

Laasgenoemde verskille (tussen die taalgroepe) was nie beperk tot 'n wedywering om dominansie tussen Engels en Afrikaans nie – wat in die sestigerjare waarskynlik minder fel was aangesien albei tale gelyke status as die twee ampstale van die land geniet het – maar ook teen die verpligte gebruik van Afrikaans as onderrigmedium in swart skole binne die Republiek. Hierdie stryd het uiteindelik in 1976 uitgeloop op die Soweto-opstande, waarna in hoofstuk 5 breedvoeriger verwys sal word.

Vervolgens word die kwessie van politieke miteskepping vlugtig in oënskou geneem.

### 3.3 Politieke miteskepping/mitologie

Thomson (1985) se definisie van 'n politieke mite is dat dit 'n verhaal is wat oor die verlede vertel word met die uitsluitlike doel "to legitimize or discredit a regime." Hy brei dan soos volg hierop uit:

By a political mythology (I mean) a cluster of such myths that reinforce one another and jointly constitute the historical element in the ideology of the regime or its rival" (1985:1).

Thompson wys voorts op die manipulerende aard van verskeie Amerikaanse, Britse en Russiese "patriotiese" staaltjies, wat die doel het om 'n gevoel van eiewaarde te skep en die "ander" te diskrediteer. So bv. is die mitiese verhaal van die "Black hole of Calcutta" volgens hom 'n oordrewe weergawe van historiese gebeure om daardeur die wreedheid te illustreer van die "lesser breeds without law" (Thompson, 1985:2).

Thompson meen egter dat daar ook politieke mites is wat veel meer is as stories oor die verlede, maar wat eerder "indispensable, integral parts of a regime's ideology" is (1985:2). Een van die kernmites wat hy bv. identifiseer t.o.v. die Afrikaner-geskiedenis is dié van die gelofte-aflegging op 16 Desember 1938 voor die slag van Bloedrivier tydens die Groot Trek.

'n Verdere voorbeeld van 'n mite wat 'n integrale deel van 'n ideologie uitmaak, is volgens Thompson die mitiese ophemeling van Lenin en Stalin deur die twintigste-eeuse Kommunistiese miteskeppers.

Nog 'n insiggewende aspek van Thompson se uiteensetting van politieke mitologie, is dat hy twee soorte politieke mites onderskei, nl. "konserwatiewe" mites en "radikale" mites. Volgens hom (1985:3 en verder) is konserwatiewe

mites dié soort mites wat die geskiedenis vertel van die totstandkoming van 'n staat, soos bv. van Aeneïs as die stigter van Rome. (Hierdie mite is deur die Romeinse digter Vergilius in 'n epiëse gedig wat baie boeke beslaan, verewig.) Ook wat betref die ontdekking van Amerika is daar mitiese uitsprake, nl. dat dié “nuwe wêreld” se oogmerk is “to spread freedom across the continent and throughout the world” (1985:3).

Radikale mites is dan mites waarvan die hoofdoel is om die vyand – plaaslik of elders – te diskrediteer en sy val te veroorsaak. Radikale mites “herskryf” met hierdie doel voor oë die geskiedenis, of gee eskatologiese toekomsprojeksies waarin daar gewys word op die moontlike katastrofiese gevolge indien die vyand nie gestuit word nie. Hierdie soort mites is volgens Thompson al vir gruwelike (“nefarious”) doeleindes ingespan.

'n Baie negatiewe siening oor die rol van politieke mites kom van Cassirer, soos aangehaal deur Thompson:

The power of mythical thought (is) perhaps the most important and the most alarming feature in this development of modern political thought (Cassirer, 1946:3). It (die politieke mite – AMJ) is always there, *lurking in the dark* and waiting for its hour and opportunity. This hour comes as soon as the other binding forces of man's social life, for one reason or another, lose their strength and are no longer able to combat the *demonic mythical powers*.” (1946:280). (my kursivering.)

Bogenoemde standpunt is strydig met die belangrikste momente van die bespreking oor die aard en impak van mites (in hoofstuk 2 van hierdie studie) waarvolgens mites hoofsaaklik as lewende en positiewe kragte in die mens se bestaan gesien word. Die taal waarin die mite deur Cassirer “verdoem” word, blyk bowendien self miteskeppend te wees (vgl. “lurking in the dark”, “waiting for its hour” en “demonic mythical powers”.) Dit mag natuurlik wees dat die negatiewe aspekte van politieke miteskepping in die twintigste eeu en veral tydens die aanloop tot en duur van die Tweede Wêreldoorlog Cassirer se siening (in 1946 verwoord) help kleur het.

Wat betref die standpunt van die historikus Barraclough (1979:211), nl. dat geskiedenisoorlog 'n mite-vrye wetenskap moet word, is Thompson (1985:7) dit nie eens nie. Laasgenoemde wys daarop dat die mite nie uit die mens se kultuur weggeneem kan word nie **omdat dit 'n noodsaaklike funksie verrig**. Hy wys verder daarop dat daar ook in die Oxford English Dictionary geleidelik 'n nuwe betekenisonderskeiding tot die begrip "mite" toegevoeg is: in 1908 is "mite" beskryf as "a purely fictitious narrative", terwyl die supplement van die OED die term verklaar met 'n verwysing na die "British Journal of Sociology", waarin die mite beskryf word as "a tale which is told to justify some aspect of social order or of human experience."

Die geskiedskrywers Samuel & Thompson, wat dikwels in hoofstuk 2 hierbo aangehaal is, gaan nog verder deurdat hulle mites bestempel as "vital document(s) of the construction of consciousness" (1999:2).

Daar moet ook in gedagte gehou word dat geskiedskrywers self gewone mense is en dat hulle – soos alle ander mense – beswaarlik enige gebeurtenis waaroor verslag gedoen word, honderd persent objektief en neutraal kan benader. Hulle kom na die gebeure met 'n eie voorkennis en verwysingsraamwerk en met die mites waarvolgens hulle self leef as onvermydelike meelopers.

Daar sou eintlik na aanleiding van die bespreking tot so ver die stelling gemaak kon word: **as ek as mens sinryk wil lewe, is my mites vir my onontbeerlik**. Wat egter belangrik is om in gedagte te hou, en wat ook deur Thompson bevestig word (1985:8), is dat die inhoud van veral politieke mites nie vas en onveranderlik is nie. Politieke mites verander soos wat opeenvolgende geslagte en regerings se belange verander, en kan selfs uitsterf. Daar is egter wel "limits to the adaptability of myths." (1985:11). (In hierdie verband kan ook verwys word na die standpunt van die semioloog, Roland Barthes, (aangehaal deur O' Sullivan e.a.1983:216) wat mites sien as "*a chain of concepts widely accepted*

*throughout a culture, by which its members conceptualize or understand a particular topic or part of their social experience ... These myths are [...] culture specific” (my kursivering).*)

Thompson meen dat politieke mites aan drie toetse onderwerp sou kon word om te oordeel of hulle bestaansreg het al dan nie, nl.

1. Is die mite versoenbaar met historiese data? In dié geval sal opspoorbare dokumentasie of geloofwaardige getuienis in verband met geskiedkundige gebeure die mite staaf.
2. Is die mite verifieerbaar op wetenskaplike gronde? So bv. was daar pogings tussen die twee wêreldoorloë om rasseverskille wetenskaplik te bewys. Politici het die sogenaamde “scientific racism” vir eie doeleindes gebruik en wel as “a perfect fit with the global political economy of the period of white hegemony.” (1985:14). In die loop van die twintigste eeu is “wetenskaplike rassisme” egter deur verskeie antropoloë en bioloë weerlê en veral na die Tweede Wêreldoorlog, toe die mite van Ariese superioriteit aanleiding gegee het tot die ongebreidelde vervolging van Jode, het hierdie mite ernstige kritiek gekry.
3. Is die mite nuttig/bruikbaar? Hierdie toets onderwerp die mite nie aan die oordeel van “waar” of “vals” op wetenskaplike gronde nie, maar eerder op morele gronde. Die vraag is dus hier of die mite se effek “goed” of “sleg” is. Die antwoord op hierdie toets is egter nie noodwendig eenduidig nie, aangesien dit sou afhang van die waardesisteem van die persoon wat antwoord. Thompson wys bv. daarop dat Plato reeds in sy uiteensetting van die “ideale republiek”, die mite van klasseverskille help skep het. Plato het nl. in mities gelaaide metaforiese taal verduidelik dat God die leiers van die volk van goud gemaak het, die helpers (van die leiers) van silwer en die ambagsmanne en boere van yster en brons. Hy het boonop

die handhawing van die klasse-onderskeiding as ideaal voorgehou en die orakel tot sy ondersteuning ingeroep in hierdie verband:

For an oracle says that when a man of brass or iron guards the state, it will be destroyed" (Aangehaal deur Thompson, 1985:18).

Die afleiding is myns insiens dat mites (ook sogenaamde politieke mites) dikwels nie in diens staan van leiers met onkreukbare integriteit of van idealiste in die ware sin van die woord wat die eie groep of ander "verbeelde gemeenskappe" wil saambind en ophef nie. Daar is ook dikwels gevalle waar die begeerte na politieke of ekonomiese mag individue daartoe dryf om die "lewende mites", wat grootliks spontaan by individue en groepe ontstaan het, te manipuleer ter wille van hulle eie oogmerke. So word "goeie mites" as't ware besoedel. In so 'n geval lyk die aangehaalde standpunt van Cassirer hierbo, waarvolgens verwys word na "demonic mythical powers" wat in die donker skuil en hulle oomblik van glorie afwag, nie so vergesog nie. Die uitgangspunt van hierdie diskoers is egter steeds dat die inherente "waarheid" – en ook die waarde – van 'n mite vir die groep wie se sinryke bestaan daardeur gekwalifiweer word, nie werklik vernietig kan word deurdadig bv. politici die mite vir eie gewin probeer kaap nie.

Dit is myns insiens ook dikwels moeilik om tussen hierdie twee aspekte van miteskepping, nl. die skep van "goeie mites" en die negatiewe/nadelige manipulering van mites te onderskei. Thompson wys immers daarop dat morele oordele omtrent die waarde van 'n bepaalde mite nou saamhang met die waardesisteem van die persoon wat die oordeel uitspreek.

Soos dan verder in die loop van hierdie studie sal blyk, word die "hoof"-mites rondom Afrikaans (soos in hoofstukke 4 en 5 uiteengesit) deur twee uiteenlopende ideologiese gesigspunte verteenwoordig, omdat die betrokke "miteskeppers" se ideologieë radikaal verskil, en so ook dan "die mites waarmee hulle leef" (vergelyk Samuel & Thompson in hoofstuk 2).



Die uitgangspunt van die volgende hoofstukke is om steeds te probeer om die term “mite” te gebruik in die betekenis van ’n “lewende” en rigtinggewende mite of **verhaal rondom die eie herkoms en die sin van die eie bestaan**. Dit is egter nie altyd moontlik nie. Daar is heelwat voorbeelde in die taalpolitieke konteks waar aan “mite” veel eerder die betekenis van “vervalsing” of ten minste “oorveralgemening” toegeken word. Om maar een van verskeie moontlike voorbeelde in hierdie verband aan te haal:

Dr. Albert Weideman van die Universiteit Pretoria het, omdat hy bewus is van hierdie ondersoek rondom mites, ’n kopie laat kry van werk wat deur drs. Phil Brouwer gedoen is rondom miteskepping. Brouwer het veertien “stellings rakende mites en fiksies in die Afrikaner se politiek/lewensbeskoulike mondering” opgesom as deel van ’n voorlesing wat hy gelewer het by die jaarvergadering van die lektorevereniging van die Universiteit van die OVS op 16 Oktober 1981. Volgens Brouwer is “fiksies” ’n uitvloeisel van “mites”. (“Fiksies is soos geloofstukke, maar berus op mites.”) “Mites” definieer hy soos volg:

1. Mites is misplaaste geloofsekerhede wat soos egte geloofsekerhede nie bevraagteken word nie.

Die verskil in die betekenis van “mite” soos in bogenoemde definisie teenoor die betekenis van “mite” soos wat dit in die loop van hierdie studie geaktiveer word, hou nie verband met die tweede deel van die definisie nie, nl. “wat nie bevraagteken word nie.” Ook “lewende”, rigtinggewende mites word tot ’n groot mate nie bevraagteken nie, aangesien hulle deel uitmaak van die singewende en kollektiewe onderbewuste van mense en groepe, en daarom as “sekerhede” geïnternaliseer word.

Brouwer se definisie van “mites” as “*misplaaste* geloofsekerhede” sou wel van toepassing kon wees op dié soort mites wat negatiewe impak het op die lewe van die individue en groepe binne die gemeenskappe waarin hulle ontstaan. Die

betekenis wat egter in die meeste gevalle in hierdie diskoers geaktiveer word, nl. van mites as stories of narratiewe wat singewend werk, sou nie as “misplaas” beskryf kon word nie.

Lewende mites word in hierdie diskoers wel gelyk gestel met “geloofsekerhede” (sien die bespreking in die “Woord vooraf”), maar die klem op “misplaas” kan nie in verband met singewing deur miteskepping gebring word nie. Hierdie negatiewe betekenisgewing rym dus nie met die belangrikste sienings omtrent die aard en funksies van mites soos uiteengesit in hoofstuk 2 nie. Vergelyk bv. die standpunt (in Flowers 1988:5) van een van die twintigste eeu se grootste mitoloë, Joseph Campbell, dat mites beskou kan word as “stories of our search through the ages for *truth, for meaning, for significance...* “ Immers kan die soeke na “waarheid”, “betekenis” en “sinvolheid” tog nie “misplaas” wees nie.

Dit moet duidelik gestel word dat die **inhoud** van drs. Brouwer se stellings omtrent die mites en fiksies in Afrikanerpolitiek (soos bv. dat geen bepaling van Afrikaneridentiteit sinvol kan wees “sonder verwysing na die nabyheid van anderskleuriges nie”) nie as sodanig bevraagteken word nie. Oor die algemeen strook die mites/ fiksies wat hy noem met die afleidings wat in hoofstuk 4 hierna gemaak word. Dit gaan egter veral oor die funksie van mites soos dit in die diskoers verwoord word – nl. as **singewende kragte** –teenoor Brouwer se dekonstruksie van dieselfde mites as “misplaas” en dus afbrekend. Dit is ook nie volgens my betoog moontlik om mites sonder meer van hulle geldigheid te ontnem deur ’n proses van dekonstruksie nie, aangesien die mite te diep verweef is met die betrokke groep se gevoel van eiewaarde, identiteit en die sinrykheid van sy bestaan. Dekonstruksie in hierdie geval is selde meer as ’n serebrale oefening.

Wanneer daar in die loop van hierdie studie gekyk word na die mites rondom Afrikaans, sal daar nie in die belangrikste instansie van “misplaaste” mites of vervalsings/veralgemenings gewag gemaak word nie. Daar sal eerder gepoog

word om te onderskei tussen “goeie mites” as mites wat bygedra het tot die groei en status van die taal en “negatiewe mites” as mites waardeur die taal skade aangedoen is. Die uitgangspunt sal dus wees om te probeer vasstel watter mites die **taal Afrikaans** bevoordeel het, en watter eerder tot die inkorting van sy status en spekersgetalle gelei het.

In die volgende hoofstuk val die klem dan veral op die “goeie mite” van Afrikaans as belangrike hulpmiddel in die opheffing, herwinning van selfrespek en eenwording van die Afrikaner na die Anglo-Boere-oorlog. Hierdie mite word nie as “goed” beoordeel op grond van die winste (of nadele) van Afrikanernasionalisme as sodanig nie, maar op grond van die feit dat dit **meegehelp het /regverdiging daaraan verleen het** om ampstaalerkenning in 1925 en verdere uitbreiding op talle lewensterreine vir Afrikaans te beding en by (ten minste) een groep van sy sprekers ’n gevoel van eiewaarde en trots te skep.